# In Memoriam – Joseph van Heerden

Met die dood van Joseph van Heerden het die Suid-Afrikaanse veterinêre professie een sy grootste staatmakers verloor. Die leemte wat hy laat sal moeilik, indien ooit, gevul kan word.

Joseph is op 20 Januarie 1948 gebore op die plaas Progress, distrik Koopmansfontein, Noord-Kaap, en word as plaasseun groot op Pienaarsfontein, distrik Boetsap. Hy matrikuleer in 1965 aan die Noord-Kaapse Hoër Landbouskool en behaal BVSc in 1970 aan die fakulteit te Onderstepoort. Na ʼn kortstondige verblyf as staatsveearts in Ondangwa, Namibië, is hy tot 1975 aan ʼn privaatpraktyk in Welkom in die Vrystaat verbonde. Gedurende 1976 studeer hy voltyds aan UP en behaal BSc(hon) (Natuurlewebestuur) met lof. Daarna aanvaar hy ʼn lektoraat in geneeskunde aan die fakulteit te Onderstepoort, studeer verder, behaal in 1982 die MMedVet in interne geneeskunde en registreer as spesialis by die SA Veterinêre Raad.

In 1982 word Joseph as eerste hoof van die departement geneeskunde van Medunsa se fakulteit veeartsenykunde aangestel. In 1987 verander die benaming na “Companion Animal Medicine and Surgery”. Joseph aanvaar hierdie uitdaging met sy tipiese toewyding en entoesiasme en werp hom heelhartig in die opbou van die departement. Ten spyte van al sy doseer- en administratiewe verpligtinge ruim hy tyd in vir navorsing en aanvaar ook die redakteurspos van die Tydskrif van die SAVV. Terselfdertyd onderneem hy ʼn veeboerdery op sy erfplaas. Die gesin besoek die plaas een naweek per maand en bring vakansies daar deur.

In 1994 was Joseph tydelike dosent in “Clinical Veterinary Studies” aan die Universiteit van Zimbabwe se fakulteit veeartsenykunde. Hy tree talle kere as eksterne eksaminator in verskeie vakgebiede aan die UP-fakulteit op. Joseph was promotor van vier M-kandidate en eksterne eksaminator van 8 MMedVet-verhandelings, tot so onlangs as 2014.

Sy veelbelowende akademiese loopbaan word egter in 1994 onverwags en dramaties kortgeknip. Studente wat herhaaldelik hereksamens druip, beskuldig hom daarvan dat hy oneerlik met punte sou gewees het. Terwyl die aantyging ondersoek word, word Joseph versoek om langverlof te neem en nie die kampus te betree nie. Die hele aangeleentheid frustreer hom uitermate en hy dien sy bedanking in. Daarna tree Joseph vir etlike maande as spesialis-konsultant op voordat hy in 1995 ʼn algemene praktyk in Kimberley oorneem. Een ligpunt is dat hy nou baie nader aan sy geliefde plaas is. In Kimberley bedryf Joseph ʼn hoogstaande gemengde praktyk en lewer uitstaande diens oor die hele spektrum: van kleindiere en perde, tot vee en, in ʼn toenemende mate, ook wild.

Na 20 besige jare begin dit duidelik word dat sy gesondheid nie meer van die beste is nie en begin Joseph hom geleidelik aan die praktyk onttrek. Die praktyk word deur twee jong kollegas oorgeneem en Joseph en Doretha vestig hulle op die plaas, waar hy alles behalwe rustig aftree! Benewens die boerdery wat intussen aansienlik uitgebrei het en baie aandag verg, besoek hy Pretoria gereeld vir Vereniging- en Raadsake. ʼn Lang verblyf op die plaas was hom nie beskore nie. Kort na ʼn geslaagde heupvervanging in die winter van 2019 word lewerkanker by hom gediagnoseer. Ten spyte van intensiewe behandeling versleg sy toestand algaande en hy sterf op 10 Februarie 2020. Hy is op sy plaas ter ruste gelê.

Joseph se bydrae tot die professie was enorm. Hy het hom o.a. as navorser onderskei. Sy eerste wetenskaplike publikasie, ʼn verslag oor botulisme onder watervoëls op die Vrystaatse Goudveld, verskyn reeds in 1974, toe hy nog as privaat praktisyn werksaam was. Joseph publiseer altesaam 76

artikels in vaktydskrifte, op enkele uitsonderings na as hoofouteur. Hiervan was 41 navorsingsartikels en 35 gevalverslae van hoë gehalte. Dit is ʼn verstommende uitset, veral as in ag geneem word dat hy slegs 17 jaar (1977-1994) in ʼn akademiese pos was.

Joseph het hom ook as praktiese klinikus onderskei. Hy het groot moeite gedoen om seker te maak dat sy diagnoses korrek en die behandeling toepaslik was. Dit het dikwels heelwat laataand-naslaanwerk en ondersoek geverg. Hy het sy kundigheid vrylik met kollegas gedeel. As uitstekende en onderhoudende spreker het hy tallose CPD-lesings by SAVV-tak- en groepvergaderings gelewer. Ek onthou met deernis sy gewoonte om die gehoor, ongeag geslagsamestelling, as "gentlemen" aan te spreek. Joseph het ook groot moeite gedoen vir kollegas wat met moeilike gevalle om hulp aangeklop het. Dit is nooit aan die groot klok gehang nie.

Joseph se aktiewe betrokkenheid by die SAVV begin in 1982. Hy dien van toe af tot met sy afsterwe op die Federale Raad, as verteenwoordiger van die Wildsgroep (1982-1991), as verkose lid (1991-2007), en daarna as SAVV-verteenwoordiger op die SA Veterinêre Raad. Hy was 1987-1995 redakteur van die Tydskrif van die SAVV, en tree enkele jare gelede weer in die bres na die afsterwe van dr Colin Cameron. Hy dien ook op die Toekenningskomitee, die Grondwetkomitee, ens.

Joseph was feitlik sinoniem met die SAVV-Wildsgroep. Onder sy voorsitterskap, sedert 1982, het die groep behoorlik gevestig geraak en aansien in die professie begin geniet. In die 1980s word die eerste simposiums gereël: oor buffels, die gebruik/misbruik van strignien en die gebruik van verdowingsmiddels in wild. Kort opleidingskursusse oor immobilisasie word ook deur die Groep gereël. Die Groep beywer hom ook vir die totstandkoming van die Price-Waterhouse-leerstoel vir wildstudie aan die UP-fakulteit. En so hou die lys net aan. Joseph was 1982-1995 en weer 2000-2010 voorsitter van die Wildsgroep. Uit erkenning vir sy reusebydrae tot hierde vakgebied ontvang hy in 2010 die Wildsgroep se Lycaon-toekenning.

Joseph ontvang ook die volgende toekennings van die SAVV: Kliniese toekenning (1982), Boswell-toekenning (1984), President se toekenning (1995), Navorsingstoekenning (1998) en Ere-vise-presidentskap (2008).

Joseph is in 2004 as lid van die SA Veterinêre Raad verkies, en was sedert 2007 die SAVV se genomineerde lid van die Raad. Hier het hy ook ʼn enorme bydrae gelewer. As voorsitter van die akkreditasiekomitee verseker hy dat CPD-aanbiedings en –artikels wel op standaard is. Hy was in 2006 lid van die Raad se afvaardiging wat die UP-fakulteit besoek het om te bepaal of steeds aan die akkreditasievereistes voldoen word.

Joseph was ten nouste betrokke by twee uitgerekte sake. Een was die onsuksesvolle poging om die Raad se regsbevoegdheid om die toediening van hoogs geskeduleerde middels tot veeartse te beperk, te betwis. Die ander saak is die gewraakte en ondeurdagte TOPS-regulasies van die departement omgewingsake wat sterk inbreuk maak op die wettige bevoegdhede van veeartse. Ongelukkig sleep hierdie aangeleentheid nog voort.

Benewens alle ander aktiwiteite was Joseph ook vir 22 Jaar (1984-2006) lid van die Veterinêre Kliniese Komitee van die Medisynebeheerraad. Hy is ook in 2009 aangestel in die advieskomitee van die fakulteit te Onderstepoort.

En so kan ’n mens aangaan oor alles wat hy agter die skerms verrig het. Maar wat van Joseph as mens? ’n Liefdevolle eggenoot, pa en oupa. ’n Lojale kollega en opregte vriend. ’n Aweregse humorsin. Iemand wat sy lewe voluit gelééf het. Nie een vir tierlantyntjies nie, maar met ’n groot liefde vir die natuur en vir letterkunde, veral poësie. Ons onthou Joseph met ’n strofe uit ’n gedig van Ingrid Jonker:

“*Moenie slaap nie, kyk*
*agter die gordyne begin die dag dans*
*met ’n pouveer in sy hoed*”

Banie Penzhorn
19 Maart 2020